OESTERBAAI INWONERSVERENIGING BESTUURSKOMITEE

NOTULE VAN DAGBESTUURSVERGADERING GEHOU OP 26 NOVEMBER 2021 0M 10:00 TE PALINGSTRAAT 214, OESTERBAAI

TEENWOORDIG:

Walter Kurten

Joe Meyer

Riekie Pienaar

Adriaan van Wyk

Anita Swanepoel

1 OPENING EN VERWELKOMING

Walter open die vergadering en heet almal welkom. Hy meld dat die vergadering op Joe se versoek plaasvind en stel die agenda vas. Joe word aan die woord gestel.

2 VERSKONINGS

Martiens Kuneke

3 NUUSBRIEF

Joe noem dat Elmarie Meyer aangebied het om die Nuusbrief te borg. Hy noem dat hy inhoud vir die Nuusbrief benodig.

Walter bied aan om met Adriaan se samewerking 'n berig oor die Biblioteek te skryf. Joe meld dat ander werksaamhede van die Bestuurskomitee ook dekking regverdig. Walter sal ook inligting verskaf oor die beplande kernkragsentrale by Thyspunt en die verbeteringe en aksies by die saal.

Walter meld dat die voetslaanroete ook dekking moet geniet. Joe sal in die verband met Otto skakel.

Joe versoek dat die werksaamhede m.b.t. die Provinsiale en interne paaie ook dekking moet geniet. Die bykomende gruislaag is baie goed gedoen. Walter gee erkennning aan Randall Moore van die Provinsiale Paaie Department wat altyd bereidwillig is om te help. Walter sal 'n beriggie saamstel.

Joe lewer 'n pleidooi dat inwoners, eienaars en vakansiegangers 'n bydrae tot die OIV sal maak. Hy benadruk dat om dinge te doen, word fondse benodig. Walter meld dat hy weer almal op die WhatsApp groep sal herhinner van die ledegeld en die besluit by die vorige twee AJV's oor die aanbevole bydrae van R500-00 per huishouding per jaar. Joe versoek dat dit ook in die Nuusbrief vervat sal word.

Volgens Joe het Otto ook aangedui dat hy nou permanent in Oesterbaai woon en bereid is om te help.

4 OMGEWINGSAKE EN PAAIE

Joe verneem na die loon wat per dag aan werkers betaal moet word. Adriaan noem dat in die verlede besluit is op R200-00 per dag. Walter noem dat indien meer as die heersende bedrag in Oesterbaai betaal word, dit tot onenigheid lei en noem die voorbeeld van werkers wat by sy huis wou toi-toi omdat hulle in dispuut was oor die loon. Dit veroorsaak ook dat die werkers dieselfde loon verwag na Desember en dan nie werk kan bekom nie en wel tot hulle eie nadeel.

Joe versoek die volgende begroting:

- 1 werker op die duin vir 8 dae

- 2 werkers vir die paaie vir 8 dae

- Aankoop van 'n petrol bossiekapper (brush cutter). Dit word besluit dat Walter die apparaat sal berg en buite seisoen na om sal sien.

- Veiligheidsbrille en handskoene vir 3 werkers

- 10 Sakkies sement

- 35 paaltjies om toegang tot die strand vir voertuie af te sper.

- 2 x 3 meter handreëlings vir die trappe

Totale begroting:	Lone	R4 800
	Sement	R1 000
	Brille en handskoene	R 300
	Paaltjies	R1 500
	Bossiekapper	R4 000 ±
	Handreëlings	R1 000

Die sement en handreëlings sal by Buco aangekoop word, omdat hulle dit sal aflewer.

Joe noem dat die volgende take aangepak sal word:

- Verkeerseilande sal netjies gemaak word.

- Trappe na die rotse sal herstel word.

- Trappe na die winkel (Lexingtonlaan) sal netjies gemaak word.

- Stormwaterwalle word oopgemaak.

- Slaggate in die paaie sal gevul word.

- Braaivleisplek by die strand sal netjies gemaak word.

- Die voertuig toegang na die strand sal weer oopgemaak word.

- Paaltjies sal by Johan Bouwer en Johah Koen se huise aangebring word om toegang tot die strand deur voertuie te voorkom.

- Die geen parkering teken wat voor Johan Koense huis verwyder is, sal weer aangebring word.

- Sandwalle sal by die braai area gestoot word om toegang van voertuie daar te versper.

Joe meld dat Willie Botha 2 vragte gruis sal bring en ook teer vir die paaie.

Walter versoek dat die bome op die verkeerseilande verwyder of gesnoei moet word, omdat dit uitsig versper.

5. **AFSLUITING:**

Walter bedank almal vir hulle bydrae. Die vergadering verdaag.

_____ _____

Voorsitter: Walter Kurten **Sekretaresse: Anita Swanepoel**

_____

Datum